higher education & training

Department: Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T90(**A**)(J23)T

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# BOUADMINISTRASIE N4

(4090034)

**23 Julie 2018 (Vraestel X)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
## NASIONALE SERTIFIKAAT
## BOUADMINISTRASIE N4
## TYD: 3 UUR
## PUNTE: 100

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1

Die dokumente hieronder word deur die kontrakteur gebruik om effektiewe terreinadministrasie ten opsigte van die hantering en berging van boustowwe te fasiliteer.

Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die gegewe lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| adviesnota; bestelvorm; kwitansie; kwotasie;<br>faktuur; rekwisisie; afleweringsnota |

1.1 Bevestiging van aanvaarding van bedrag wat vir goedere aangebied word

1.2 Hierdie dokument met die firma se posadres moet na die bouer se hoofkantoor gestuur word

1.3 Die kontrakbestuurder van groot firmas reël die verskaffing van grootmaat boustowwe en basiese bestanddele aan die verskillende terreine vanaf een sentrale stoor

1.4 Hierdie dokument word saam met die bestuurder gestuur gedurende die aflewering van bestelde goedere om gehalte en hoeveelheid wat deur die koper bestel is, te verseker

1.5 Hierdie dokument word gebruik om die koper te verseker dat sy/haar bestelling hanteer en oppad is om afgelewer te word

(5 × 1) **[5]**

## VRAAG 2

Bespreek die aanstelling en funksies van die volgende professionele persone in die boubedryf:

2.1 Die argitek (3)

2.2 Bourekenaar (3)

2.3 Die boubeheerbeampte (4)
**[10]**

## VRAAG 3

Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings aangaande metodes vir die verkryging van besigheid. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (3.1–3.5) neer.

3.1 Met die volgende projek sal 'n ander tenderbedrag die kans kry om mee te ding.

3.2 Kompeteer met ander boukontrakteurs deur kwotasies/tenders in te dien.

3.3 Bouers wat spesialiseer in veranderings en uitbreidings.

3.4 Plaas die firma se eie geld op die spel om huise te bou.

3.5 Dit is 'n tender wat die publiek aanmoedig om die boubedryf te betree.

(5 × 1) **[5]**

**VRAAG 4**

Verduidelik in detail hoe die kontrakteur by die volgende take betrokke is:

4.1 Voortenderbeplanning (3)

4.2 Gedetailleerde beplanning (3)

4.3 Kontrakbeplanning (4)

**[10]**

**VRAAG 5**

5.1 Dui die groot besluite aan wat vroeg in die bouwerk geneem moet word om die gladde verloop van die kontrak aangaande die volgende te verseker:

5.1.1 Oordekte loopgange (3)

5.1.2 Berging van boustowwe bo oordekte loopgange (4)

5.1.3 Tydelike loopgange (3)

5.2 Die Thabokwena Munisipaliteit het toestemming van die Mukhonto-plaaslike owerhede ontvang om tydelike strukture in die munisipale gebiede te bou.

Teken 'n netjiese grondplan vir loopgange en dui die volgende aan:

5.2.1 Oorspronklike loopgang (3)

5.2.2 Konstruksie (4)

5.2.3 Tydelike loopgang (3)

**[20]**

**VRAAG 6**

Hoe kan jy die volgende hyskrane uitken:

6.1 Loopkrane

6.2 Klimtoringkrane

6.3 Vragmotor-gemonteerde krane

6.4 Toringkrane

6.5 Maskrane

(5 × 2) **[10]**

**VRAAG 7**

7.1 Jou konstruksiefirma wil tender vir 'n dupleksbehuisingskema. Berei 'n voortenderskedule vir jou firma voor. Die projek moet 14 tot 20 maande neem om te voltooi. (10)

7.2 Gee 'n kortlikse verduideliking van die volgende:

7.2.1 Beplanning

7.2.2 Skedulering

7.2.3 Organisering

7.2.4 Administrasie

7.2.5 Voortendertydperk

7.2.6 Kontraktydperk

7.2.7 Instandhoudingstydperk

7.2.8 Teikendatum

7.2.9 Voltooiingsdatum

7.2.10 Gantt-grafiek

(10 × 1) (10)
**[20]**

**VRAAG 8**

Skryf die hoofpligte van die volgende departemente neer:

8.1 Kontrakte

8.2 Beraming

8.3 Aankope

8.4 Rekeninge

8.5 Personeel

(5 × 2) **[10]**

**VRAAG 9**

Watter belangrike faktore moet in ag geneem word wanneer die volgende beplan word:

9.1 Toegangspaaie

9.2 Aanlegte en masjinerie

(2 × 5) **[10]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou